



## AANKONDIGINGE EN GEMEENTENUUS

SONDAG 29 SEPTEMBER 2024

**NEGENTIENDE SONDAG VAN KONINKRYKSTYD**

### **GEMEENTE DAGBOEK**

**GEBEDSONDERWERP VIR DIE WEEK**

***DIE NUWE KWARTAAL***

**LEESROOSTERTEKSTE VIR DIE WEEK**

**Genesis 2:18-24; Psalm 8;**

**Hebreërs 1:1-4; 2:5-12; Markus 10:2-16**

#### **SONDAG, 29 SEPTEMBER**

BIDDAG VIR BEJAARDES  
DANKBAARHEIDSONDAG

09:00 Oggenddiens – ds Danie Murray  
Deuroffer ten bate van Gemeente se eie fondse  
Erediensspan 1 – Lorraine Louw

#### **MAANDAG, 30 SEPTEMBER**

18:00 Kooroefening by Moedergemeente

#### **DINSDAG, 1 OKTOBER**

SKOLE HEROPEN  
09:30 Senior Burger Bybelstudie  
Geen Mannebybelstudie groep

#### **WOENSDAG, 2 OKTOBER**

09:30 Vroue Bybelstudie  
09:30 Othello Biduur  
19:00 Ringsitting van Kuilsrivier en Brackenfell ringe by Kuilsrivier Moedergemeente

#### **DONDERDAG, 3 OKTOBER**

09:30 Dienssentrum vir Seniors: Moedergemeente kerksaal  
Sopbeurte: Carina de Mon, Whileen Galvin, Hester Hill, Charlene Botes, Luci Mulder,  
Heléne Steenkamp, Suzette Engelbrecht

## VRYDAG, 4 OKTOBER

09:00 Gebedsbyeenkoms in Moederskamer

## SATERDAG, 5 OKTOBER

10:00 Senior Burger Tee – in kerksaal – onthou om jou plek te bespreek by kerkkantoor

## SONDAG, 6 OKTOBER

### TWINTIGSTE SONDAG VAN KONINKRYKSTYD

BIDDAG VIR DIE BEDIENING AAN DIE JODE

09:00 Oggenddiens

Kleuterkerk en Kinderkerk


Deuroffer ten bate van: Bediening aan Jode

Erediensspan 2 – Elsa Welman

- **Senior Kategese** na afloop van die oggenddiens

## GEMEENTENUUS

1. Adri Burger (Sangirostraat) se ma is oorlede.
2. Cedric Pretorius (Angelierstraat) ondergaan in die komende week 'n operasie.
3. Lala Nel (Klaradyn) het 'n kleindogter ryker geword.



## VERJAARSDAE VIR DIE WEEK

29/09 Marja Calitz, Estelle le Roux  
30/09 Petra Wickens, Ruald Coetzee, Michael Prins, Leah Geyer  
01/10 Dihan Vorster, Johan Weber  
02/10 Lizaan Maré, Johanné Orffner  
03/10 Charl van Zyl, **Adri Burger**, Franja en Leah Hagen, Emrich Westenberg  
04/10 Dane Laing, Natasha Smit, José Arendse  
05/10 Lorraine Louw, Piet Gründlingh, Tertius le Roux




## VAN ALLES EN NOG WAT

1. Welkom terug aan Ds Chris Barnardo na sy verlof.
2. Ds Hannes is tans met verlof. Hy sal weer op 9 Oktober 2024 terug wees.

## KOSMANDJIE

Die Kosmandjie deel God se genade uit aan hulle wat dit nodig het.  
Dankie dat jy deur jou bydrae hieraan deelneem.  
Enigiets is welkom, veral die items wat op ons lysie verskyn.

Spenslys: koffie /tee /melk / suiker  
mieliemeel / kitsmieliemeel / hawermout  
soya(400g-pakkies) / rys  
blikkies - tamatie / tuna / groente  
grondboontjebotter  
tandepasta / sjampoe  
skottelgoedseep / wasgoedseepoeier 2kg-pakkies



Mandjie-groete

## KLERE EN VERE

Die **OpWipWinkel** (boeke en klere) kon R3245.00 by De Eike se basaarfonds voeg.  
Baie Dankie!

Kleinpoort Plaasskool se kinders is erg in hul noppies met hul serpe, musse en  
handskoene - Nogmaals Dankie!

Bring asseblief vir ons - skoene, klere, linne, wol, materiale, kombuisware of speelgoed -  
énigiets wat jy wil weggee.  
Ons het baie planne daarmee!

Groetnis  
2 Vere



&



## SENIOR BURGER TEE

De Eike se Senior Burgers word lekker bederf op

5 Oktober 2024 van 10:00 tot 12:00

Tema: Met grysheid kom wysheid dan nie?

Toegang is gratis. Lidmate 65 en ouer is baie welkom.  
Slegs 120 plekke beskikbaar. Kontak die kerkkantoor om plek te bespreek.

# SKOOLVERLATERS

Die Jeug Kommissie wil graag vanjaar weer tydens die oggenddiens van 20 Oktober 2024 aan al ons matrikulante 'n geskenkie oorhandig en hulle voorspoed toewens met die naderende eindeksamen.

Ons beskik oor die volgende name van Matrikulante. Indien jy weet van nog lidmate wat vanjaar in Matriek is, laat weet asb die Kerkkantoor teen 14 Oktober 2024, sodat ons hulle ook kan uitnooi na dié geleentheid.

Leila Allie-Reid  
Karla Andrews  
Ané Botes  
Emily Clark  
Daniel Du Plessis  
Daclan Jefthas  
Rynho Swart

# SAREPTA DAMESKOOR

Die dameskoor van die VG Kerk Sarepta, wat onlangs tydens 'n erediens by ons opgetree het, bied 'n konsert aan op Sondag 3 November 2024 hier by ons gemeente om 16:00. Kaartjies teen R100 per persoon is nou reeds by ons kerkkantoor beskikbaar.

Hierdie konsert is deel van hul fondsinsameling poging om hul reis na Mauritius te finansier.

Hulle is genooi om 26 September tot 6 Oktober 2025 deel te neem aan Afrika Asië koorspele.

Indien jy vir hulle 'n donasie wil gee, kontak vir Mariana by ons kerkkantoor vir meer inligting en bankbesonderhede.

Kom ondersteun gerus ons buurgemeente en geniet hul sang.

Vir meer inligting skakel 083 691 2173.

# AKSIE SAMARITAAN

## KERSFEES KOSKOUS PROJEK

Die volgende versoek is ontvang vanaf Aksie Samaritaan.

Help ons om Kersfees vir die haweloses ook spesiaal te maak deur 'n koskous geskenkpak te borg teen R250 per pak of 'n enkele koskous teen R50 per kous. Ons wil graag 120 geskenpkappe uitdeel.

Ons benodig ook borge vir geskenkies en partytjie pakkies vir 30 kinders teen R250 per kind.

As jy op enige manier kan help, kontak Jakkie by 082 453 3862.

Kontantbydraes kan ook in die bankrekening inbetaal word met die verwysing KERSFEES. Koskouse moet bestel word teen 15 November 2024 om betyds te wees vir die afsluiting op 16 Desember 2024. Dankie vir jou bereidwilligheid. Mag God jou ryklik seën.

Let daarop dat Aksie Samaritaan se bankbesonderhede verander het van ABSA na CAPITEC BUSINESS BANK. Rekeningnommer 105 233 1530 takkode 450105.

Gaan kyk gerus op [www.foodsock.co.za](http://www.foodsock.co.za) wat 'n koskous is.

## TIENDEMAANDDANKOFFER

Die Tiendemaanddankoffer insameling vind vanjaar plaas op Sondag 27 Oktober 2024.

Die koeverte is reeds versprei na die blokleiers. Kontak gerus jou blokleier of dienswerker indien jy nog nie 'n koevert ontvang het nie. Andersins is jy welkom om 'n koevert by die kerkkantoor af te haal.

Dankoffers kan ook per EFT gedoen word na dieselfde rekening by ABSA – gebruik verwysing **10de Maand**. Rekeningnommer is 3010 590069 – takkode 632005.

# PREEKSKETS

## TEMA – DIE REALITEIT VAN GOD WAT REAKSIE VEROORSAAK

Prediker: Ds Danie Murray

Skriflesing: 2 Petrus 1



### BOODSKAP

Inleidend word as herinnering aan Wet gewys op 'n kort evaluering van die kerk in die Weste.

Die realiteit van God wat reaksie (Godsvrug) veroorsaak, is die deurlopende tema.

Die proses soos wat in Mosambiek gevolg word, word verduidelik:

God bewerk in ons 'n **proses** van Godsvrug (Getuienis en lig).

- **Ontmoeting** met God en bly groei in **verhouding** met God
- Agterlaat van begeertes en vertrouwe (Leuens) op wat die wêreld bied. Die vrug daarvan is dorings.
- GELOOF wat sien en vertrou is met gevolg van Godsvrug. Hierdie geloof is nie in Kerk, maar in God.
- Deugde en gesindhede van God. Loop uit op liefde vir jou naaste.
- Die belang daarvan dat elke gelowige God se stem sal hoor in geloof en dan daarop reageer. (Om nie te wag vir ander).

Ons sluit af om mekaar aan te moedig